NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 17 – Uitgawe 4

22 Februarie 2024

# Ons leef in God se teenwoordigheid

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Kom saam, dan sal julle sien, kom kyk, leef in die lig, laat jou deur Jesus vind, ontvang die lewe in oorvloed. Dit was die uitnodiging deur die prediker, dr Thinus van Staden (voorsitter van die Kuratorium), aan die teologiestudente en ander gaste tydens die opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) op 14 Februarie vanjaar.**

Uit die Johannes-evangelie is temas van lig, lewe, om te sien, te vind, gevind te word, uitgelig, as temas wat belangrik is vir ons lewe as volgelinge van Jesus, om ander deur die manier waarop jy leef en optree iets van Jesus te laat sien, hulle in te nooi in Jesus se teenwoordigheid, hulle na Jesus toe te bring.

Hierdie uitnodiging is gerig in die konteks van die opening van die HTK binne die ruimte van die teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie en Religie. Dit is 'n fakulteit wat gereken word as een van die beste teologiese fakulteite in ons land. Binne hierdie ruimte word die studente toegerus om uit te gaan in die wêreld met die boodskap: *Kom kyk, sien, daar is die Lam van God*.

Tydens die geleentheid het ds Marina Kok-Pretorius 'n referaat gelewer met die titel *'n Ruimtelike perspektief op Boek IV van die Psalms: Herinnering en verbeelding in Psalms 90-92 en Psalms 105-106* (sien 'n volgende uitgawe van *Die Hervormer* vir die referaat). Die referaat belig die fokus van haar PhD-proefskrif. Sy toon aan dat betekenis toegeken word aan ruimtes op grond van gebeure en herinneringe, en dat herinneringe nie net gekoppel is aan fisiese plekke nie. *Ons herinneringe neem ruimte op in ons gees/verstand/bewussyn – onthoude ruimte woon eindelik in ons harte en verstand.* Geloof funksioneer binne hierdie sfeer van onthoude ruimte.

Uit die genoemde Psalms toon sy aan hoe Israel in die nadraai van die ballingskap poog om hul lewens te rekonstrueer. In hierdie proses onthou hulle YHWH (God) se getrouheid en liefde. Hierdie sekerheid van God se sorg en liefde maak dat hulle 'n toekoms gevul met hoop en redding kan sien.

Die geleentheid het vir my die fokus geplaas op identiteit en lewe wat gevind word in God se teenwoordigheid. Om te onthou wie God is, die Een wat deur Jesus ons wêreld binnegekom het, en deur die Gees steeds in, om en by ons woon. Ons roeping is om in die Lig, vir die Lig te leef, en ander na die Lig toe te bring.

In hierdie lewe is onthou belangrik. In die warboel van die lewe, te midde van alles wat met en om ons gebeur, vergeet ons dikwels wie ons is: mense van die Lig, wat reeds hier en nou die waardes van God se koninkryk behoort te leef. In dit alles, is dit bo alles belangrik om te onthou wie God is, die Een wat was, die Een wat is, die Een wat weer kom. Dit is in die saam onthou en saam leef in die ruimte van God se Lig en Liefde dat ons 'n toekoms gevul met hoop en redding kan sien.

**Dr Annelie Botha, UP/Kempten**
**Subredakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

